**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 2 APRIL 2013 OM 13:00**
**IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 3/2013**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed geopen deur Kruger de Wet waarna al die lede welkom geheet word.

## 2. PRESENSIE

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Anton Dellemijn | Voorsitter | Tergniet |
| Lavinia Lunow | | Fraaiuitsig |
| Johan Lotter | | Reebok (bo spoor) |
| Pieter le Roux | | Kleinbrak |
| Charl de Wet | | Kleinbrak |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |
| Des Muller | | Riverside |
| Mike Wray | Onder-voorsitter | Tergniethoogte |
| Jan Roets | | Tergniethoogte |
| Dorothy Barnard | Sekretaris/Tesourier | |

### 2.2 Op uitnodiging

| | |
|---|---|
| Raadsheer Kallie Smit | Raadslid – Wyk 4 |
| Bertie Supra – verskoon vroeg | Munisipaliteit |
| Eric Louw – sluit 13:15 aan | Munisipaliteit |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | | |
|---|---|---|
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid – Wyk 5 | |
| Rozain Hansen | Munisipaliteit | |
| Frik Nel | | Reebokrif / Bewarea |
| Terrie Terblanche | | Riverside |
| Charl Coetzer | | Fraaiuitsig |
| Ina Blom | Notuleerder | Reebokhoogte |
| Len Rauch | | Tergniet |

### 2.4 Afwesig sonder verskoning

| | | |
|---|---|---|
| Johann Muller | | Reebok (onder spoor) |

## 3. LIEF EN LEED

Geluk aan Pieter le Roux wat verjaar.

## 4. AANBIEDING DEUR MUNISIPALE AMPTENAAR, mnr Eric Louw oor bruin water in Tergniet

Mnr Louw word bedank vir sy bereidwilligheid om die vergadering op baie kort kennisgewing by te woon.

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | Die vergadering neem kennis dat: | |
| 4.1 | Die waterprobleem gedurende Desember 'n operasionele probleem was en weens sameloop van verskeie aangeleenthede veroorsaak is, onder andere: | |
| 4.1.1 | 'n Nuwe weergawe Windows sagteware is by Sandhoogte suiweringsaanleg geïnstalleer wat nie met die Telemetrie sagteware gekommunikeer het nie. | |
| 4.1.2 | Proses kontroleerders kon weens die sagteware probleem nie korrekte inligting ontvang nie. Inkomende vloei van rou water was gemeet maar die vloeisnelheid was minder. 'n Geblokkeerde klep is herstel, maar kleppe was nie toe nie. | |
| 4.1.2 | 'n Pyp naby Leani Kwekery het gebars. | |
| 4.2 | Regstellende aksies | |
| | ▪ Die diensverskaffer is in Desember per e-pos van die sagteware probleem in kennis gestel.<br>▪ Visuele ligte wat flikker en sirenes wat sal afgaan wanneer reservoir naby leeg is of oorloop, sal geïnstalleer word. Die versoek is reeds aan die Elektriese departement deurgegee.<br>▪ 80% waterpype is PVC pype. Veselsementpype wat gereeld bars word met PVC pype vervang.<br>▪ Vakante poste is in proses om gevul te word.<br>▪ Voorkomingsmaatreëls is deur mnr Naidoo met Tegniese Dienste hoofde bespreek. | |
| **5.** | **GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING** | |
| | Die notule van die vorige vergadering word goedgekeur. Voorgestel en gesekondeer deur mnre Des Muller en Kruger de Wet. | |
| **6.** | **AANVULLENDE AGENDA** | |
| **6.1** | **Midbrak ontwikkeling – voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of 'n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpstigting** | |
| | Mnr Deon Potgieter sluit 15:15 by die vergadering aan. Die Voorsitter verwelkom mnr Potgieter en bedank hom vir sy bydraes om die Vereniging by te staan met pogings om die ontwikkeling te keer. Breë terugvoer word gegee oor die verloop van gebeure. Inligting is ook op die webtuiste beskikbaar. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | Die vergadering neem kennis van die Lagoon Bay ontwikkeling wat deur die Minister afgekeur is deur die Appèlhof gestop is omdat die Minister buite sy mandaat opgetree het. | |
| | Na bespreking word besluit dat 'n skrywe aan Sharples gestuur moet word waarin kennis geneem word van die Botaniese verslag en dat ons vorige besware steeds geld. Sit op aktiwiteitslys. | Dorothy |
| 6.2 | **Donasie veldtog** | |
| | Die Voorsitter vra lede om bure en vriende te nader oor donasies en om die webtuiste (www.midbrakratepayers.co.za) onder hulle aandag te bring. | |
| | Die vergadering neem kennis van swak kommunikasie van die Munisipaliteit met 'n voornemende koper van Alberton. Die aangeleentheid sal weer onder die Munisipaliteit se aandag gebring word. | Des / Rozain |
| 6.3 | **Skoonmaak van erwe – nuwe ontwikkelings (langs Groenkloof anneks)** | |
| | Dormante nuwe ontwikkelings (Rheebok Leefstyl Landgoed fases 8 & 9 en 10) is oorgroei en kan as skuiling vir boosdoeners dien. Ontwikkelaars moet daarvan in kennis gestel word. Indien die Munisipaliteit erwe/sypaadjies skoonmaak moet verseker word dat kostes van die Ontwikkelaars verhaal word. 'n Brief sal aan die Munisipaliteit gestuur word met die versoek. | Kallie / Rozain/ Dorothy |
| 7. | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE** | |
| 7.1 | **R102 - Versperring van sig by uitgange** | |
| | In proses. Met aanvang van die nuwe finansiële jaar sal Provinsie verder aandag aan uitstaande sake skenk. Sit op aktiwiteitslys. | Dorothy |
| 7.2 | **Terugvoer oor bywoning van munisipale komiteevergadering gehou op 13 Maart 2013** | |
| | Mike en Charl kon die vergadering nie bywoon nie. | |
| | Raadsheer Smit meld dat die vergadering grootliks vir kennisname van die konsepbegroting was. Dokumente is by biblioteke vir insae beskikbaar en publieke konsultasie sessies sal op 16 en 17 April 2013 plaasvind. | |
| | Klagtes teen die Munisipale Bestuurder is in Komitee bespreek en bewoording is in 'n notule opgeneem. 'n Persverklaring sal daaroor uitgereik word. | |
| | Lavinia Lunow en Des Muller sal die vergadering van 15 Mei bywoon. | Lavinia/Des |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **7.3** | **Toiletgeriewe in die gebied** | |
| | Versoek is gerig, maar geen terugvoer is ontvang nie. Sit op aktiwiteitslys vir Julie 2013. | Rozain/Dorothy |
| **7.4** | **Straatnaam – Tergniet (Sorgfonteinpad) en hersiening van straatname in die gebied** | |
| | 'n Skrywe met versoek vir hersiening van straatname in die gebied sal aan die Munisipaliteit gestuur word. Sit op aktiwiteitslys. | Dorothy |
| **7.5** | **Trap na see by derde laan – Tergniet ("wees versigtig" teken)** | |
| | Alhoewel die Munisipaliteit van mening is dat die inligtingsteken onnodig is, word besluit dat die versoek weer gerig sal word. Kostes vir so 'n teken behoort minimaal te wees. | Rozain |
| **7.6** | **Vakansie seisoen – Nabetragting** | |
| | Dorothy sal die aangeleentheid met Rozain bespreek. Haal af. | Dorothy |
| **7.7** | **Riverside Ontbossing – sekuriteitsrisko vir inwoners asook Powertown mense** | |
| | Formele terugvoer op ons skrywe van 27 Februarie 2013 is steeds nie ontvang nie. Onvoltooide stafwerk moet onder die Munisipale Bestuurder se aandag gebring word. | Dorothy / Rozain |
| **7.8** | **Aflaaipunte vir huishoudelike afval** | |
| | Die vergadering neem kennis van motorbande wat by aflaaipunte gelaat is. Inwoners moet kennis neem dat houtstrukture slegs vir **huishoudelike afval** is. Sit op aktiwiteitslys. | |
| | Lavinia se voorstel vir gewysigde kennisgewings sal deurgestuur word. | Dorothy/Rozain |
| **7.9** | **Vordering en terugvoer met betrekking tot uitstaande sake deur die Munisipaliteit se Regsafdeling** | |
| | Nadat 'n opvolgbrief aan die Regsafdeling gestuur is, is 'n skrywe met aansoekvorms van die Munisipaliteit ontvang. Dit is duidelik dat ons versoek vir inligting nie reg verstaan word nie. Anton en Raadsheer Smit sal 'n persoonlike gesprek met betrokkenes voer. | Anton / Kallie |
| **7.10** | **Skoonmaak/ontbossing van sypaadjies in die gebied** | |
| | Op 19 April het Anton, Johann en Dorothy saam met mnr Abrie Nel en verskeie munisipale amptenare deur die gebied gery om probleemareas te identifiseer. Voortspruitend uit die vergadering/ontmoeting is sekere ondernemings deur die Munisipaliteit gegee oor wat gedoen kan word om aan almal se verwagtinge te voldoen. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | In opvolg van die vergadering is 'n skrywe van mnr Puren ontvang waarin voorgestel word dat sommige strate in die gebied eintlik eenrigting behoort te wees weens wydte van die ryvlak en dat die beginsel van eenrigtingstrate deur die Vereniging bespreek moet word. | |
| | Die vergadering besluit dat die sypaadjies, soos ooreengekom met mnr Abrie Nel, eers skoongemaak moet word waarna dit gemoniteer sal word. 'n Skrywe ter bevestiging sal aan die Munisipaliteit gestuur word. Sit op aktiwiteitslys vir Julie 2013. Sit op aktiwiteitslys. | Dorothy |
| 7.11 | **Plakkers / bos slapers op Markus Louw se eiendom (**agterkant van De Lange uitbreiding op die punt van Argaciastraat) | |
| | Kennisgewing is aan Markus Louw gestuur waarin hy aangspreek is dat onwettige strukture nie opgerig mag word nie. Dertig dae was toegestaan om die strukture te verwyder. Die plaas is intussen verkoop en oordrag het plaasgevind in die nuwe eienaar se naam. Die proses moet dus nou van vooraf begin. Sit op aktiwiteitslys. | |
| 7.12 | **Tergniet naambord** | |
| | Staan oor weens Len Rauch se afwesigheid. | Len / Dorothy |
| 7.13 | **Bruin water in Tergniet** | |
| | Sien item 4. | |
| 7.14 | **Kartering van nuwe uitbreidings in Reebokrif** | |
| | Finale terugvoer van die Munisipaliteit is nog uitstaande. Navraag word gedoen oor beskikbaarheid van nuwe kaarte vir die Midbrakgebied. | Rozain |
| 7.15 | **Wandelpad in kusweg (insinking)** | |
| | Die enigste defek wat die Munisipaliteit kon kry is 'n paar mm verskuiwing op die sypaadjie aan die einde van nuwe pad op die hoek van Fourieweg. Omdat die herstelwerk baie klein is, is onderneem dat die kontrakteur wat die volgende fase gaan bou, gevra sal word om dit te herstel. Betaling sal uit TOR se retensie geld geskied. Haal af. | |
| 7.16 | **Opvul van indraai na SPAR vanuit Brinkley- en Seashellstraat** | |
| | Volgens Altus Eitner van die Munisipaliteit is die Ontwikkelaar van die kompleks verantwoordelik vir die oprit. Anton was in gesprek met die eienaar se vrou en verdere onderhandelinge sal plaasvind. | Anton/Dorothy |
| **8.** | **PROJEKTE** | |
| **8.1** | **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering** | |
| | Geen verslaggewing nie. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **8.2** | **Skoonmaak van erwe** | |
| | Geen verslaggewing nie. | |
| **8.3** | **Rampbestuur** | |
| ***8.3.1*** | ***Ramp Risiko-verminderingplan vir Groter Mosselbaai*** | |
| | Geen verslaggewing nie. | |
| ***8.3.2*** | ***Klein-Brakrivier Rampgebeurlikheidsplan*** | |
| | Dank en waardering aan Des vir sy verslag wat beskikbaar is op die webtuiste. | |
| | Met verwysing na aksies voortspruitend uit die besoek van 25 Maart aan die Eden Rampbestuursentrum, word bevestig dat die Vereniging pro-aktief moet optree, maar dat nie goeie samewerking in alle gevalle van munisipale amptenare ontvang word nie. | |
| | 'n Vergadering sal met mnr Gerhard Otto gereël word om probleme wat ondervind word, te bespreek. | Des / Anton |
| **9.** | **FINANSIES** | |
| | Banksaldo is R15 877,50 en kontant voorhande R548,14. Dank aan Nicolette Maas en mnr Hubinger vir hulle donasies gedurende Maart. | Dorothy |
| **10.** | **POLISIëRING / BUURTWAG** | |
| | Na inhegtenisname van Mosambiekers het geen verdere insidente plaasgevind nie. | |
| **11.** | **BEWAREA** | |
| | Geen verslaggewing nie. | |
| **12.** | **PLAASLIKE SAKE** | |
| **12.1** | **Fraaiuitsig** | |
| | Foto's van probleemareas sal geneem word en aan Dorothy gestuur word vir deursending aan Rozain. | Lavinia |
| **12.2** | **Klein-Brakrivier** | |
| ***12.2.1*** | ***Herstel van pad na hengelgebied / parkeerarea*** | |
| | 'n Besoek is gereël vir 12 April – 14:00 saam met mnr Pieter Myburgh om probleemareas te besoek. | Anton/ Charl de Wet |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| ***12.2.2*** | ***Vervanging van geroeste chevron*** | |
| | Die geroeste chevron by die T-aansluiting Heinzstraat en Louis Fourieweg moet vervang word. | Rozain |
| ***12.2.3*** | ***Aanbring van lamppaal – Louis Fourieweg*** | |
| | 'n Dringende versoek word gerig dat 'n lamppaal in Louis Fourieweg by nommers 44 – 48 opgerig word omdat daar 'n donkerkol is wat veroorsaak dat inwoners onveilig voel. | Rozain |
| **12.3** | **Reebok** | |
| ***12.3.1*** | ***Noord van die spoorlyn*** | |
| | Dank aan die Munisipaliteit vir gate in pad wat herstel is. | |
| ***(a)*** | ***Onwettige handeldryf in Impalaweg*** | |
| | Die onwettige druiweverkoper in Impalaweg (naby die Poskantoor) moet aangespreek word asook die blomverkoper naby die spooroorgang in Tergniet. | Rozain |
| ***(b)*** | ***Onwettige ingang vanuit Impalaweg – Erf 1155*** | |
| | Die aangeleentheid sloer reeds twee jaar. Uitsluitsel moet gekry word oor die wettigheid van die toegang na die huis. | Bertie / Dorothy |
| ***12.3.2*** | ***Suid van die spoorlyn*** | |
| | Geen probleme nie. | |
| **12.4** | **Reebokhoogte** | |
| ***12.4.1*** | ***Stoptekens op die h/v Seesterstraat en Mossellaan*** | |
| | Die vergadering neem kennis van die wnde Hoof: Gemeenskap-veiligheid, ACE Snyders dat ondersoek deur die padingenieur gedoen sal word waarna terugvoer gegee sal word. | |
| **12.5** | **Reebokrif** | |
| | Geen probleme nie. | |
| **12.6** | **Riverside** | |
| ***12.6.1*** | ***Chemiese toilette by rugbyveld en publieke ontspanningsarea*** | |
| | Rugby organiseerders van Powertown moet nog 'n lys van wedstryde voorsien waarna dit aan die Munisipaliteit gestuur sal word. Staan oor. | Anton |
| **12.7** | **Tergniet en De Lange Uitbreiding** | |
| | Die vergadering neem kennis van goeie samewerking van die Munisipaliteit met die skoonmaakaksies. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **12.8** | **Tergniethoogte** | |
| | Sien item 12.3.1 (a). | |
| **13.** | **KORRESPONDENSIE** | |
| **14.** | **VOLGENDE VERGADERING** | |
| | Die volgende vergadering sal op Dinsdag, 7 Mei - 13:00 in die Reebok Gemeenskapsaal plaasvind. | |
| **15.** | **VERDAGING** | |
| | Die vergadering verdaag om 16:30. | |
| | DOROTHY BARNARD<br>**NOTULEERDER** | |
| | GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 4/2013 GEHOU OP 7 MEI 2013 – 13:00. | |
| | ANTON DELLEMIJN<br>**VOORSITTER** | |